

Sondag 5 April

Skrifgedeelte: Lukas 5:1-11

Fokusgedeelte: Lukas 5:8, 10b

Die Here wek in sy koninklike almag ootmoedige en kragtige volgelinge

Anvanklik was Petrus net 'n bewonderaar van Jesus. Hy het Jesus geken en noem Hom eers "meneer". Maar in ons teksvers val hy op sy knieë voor Jesus en noem Hom "Here".

Met die wonderlike visvangs kom Petrus tot die besef van die Here se koninklike mag. Hy is die Here van die visse. Hy kan hulle gebied en stuur soos Hy wil. Nou moet Petrus ook Jesus se goddelike gesag oor sy eie lewe erken; Hy is die Here wat ook mense kan gebied en stuur soos Hy wil. Petrus besef dan dat hy, die sondige man, nie werd is om in die sondelose Jesus se diens te staan nie. Op sy knieë roep hy uit: "Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige man."

Hy wat Here is oor visse en mense, is ook die Here oor lewe en dood. Hy het die dood oorwin deur uit die dood en die graf op te staan. Hy is die Here wat alle mag in die hemel en op die aarde het, wat sit aan die regterhand van God die Vader in die hemel.

Ware en diepe verootmoediging is die reaksie wat by jou moet opkom as jy voor die heilige en almagtige God te staan kom. Wanneer die besef jou op jou knieë voor God dwing, sal jy nie moedeloos word nie, maar juis met aandag na Hom luister.

Jesus se eerste woorde is vol bemoediging: "Vrees nie!" Dan sê Hy: "Van nou af sal jy mense vang." Simon se verootmoediging maak hom gereed vir sy werk as Petrus, die rots waarop Christus sy kerk wil bou. Dan gebeur daar merkwaardige dinge. Hulle het alles op die strand net so laat lê en sy volgelinge geword.

Dit is net so merkwaardig dat Hy ook jou wil gebruik om die net van sy evangelie tot by die uithoeke van die wêreld uit te gooi. Dan is jy nie net 'n bewonderaar nie, maar ook sy volgeling.

Sing: Psalm 66-1:7

Ds. SA Cilliers (Sarel) (Emeritus)